

4 November

Skrifgedeelte: 2 Konings 1:1-18

Fokusgedeelte: 2 Konings 1:3b; Heidelbergse Kategismus Sondag 10

Toevallig?

“Is daar geen God in Israel nie dat julle vir Baäl-Sebub, die god van Ekron, gaan raadpleeg?”

’n Man val deur die tralies van sy boonste verdieping. Of jy nou ’n koning of ’n kneg is, jy val ewe ver en ewe hard. Dit is ’n ongeluk wat jou lewe kan kos. Ook vandag nog gebeur sulke dinge. Waaraan is dit toe te skryf? Swak vakmanskap? Misdaad? ’n Roekelose leefstyl? Die toorn van God? Of toeval?

Laasgenoemde word ingevolge die geloof wat ons bely, uitgesluit. Geen skepsel kan hom sonder God se toelating “roer of beweeg” nie. Ook as ons val, is dit nie toeval nie. Sekerlik verdien Ahasia God se oordeel en straf. Hy het immers die Here deur afgodsdienste uitgetart net soos sy pa Agab (1 Kon. 22:54). En tog sterf Ahasia nie dadelik nie. Ernstig beseer lê hy in sy bed. God het geen behae in die dood van ’n sondaar nie (Eseg. 33:11). Maar het Hy behae in die lyding van ’n sondaar?

Nee, God betoon deur die val en die besering eintlik genade aan Ahasia. Hy laat die jong koning nie in sy goddeloosheid voortgaan nie, maar bring hom in ’n krisis. Verswak en afhanklik moet Ahasia nou kies. By wie sou hy hulp soek? By dooie afgode of by die lewende God? As Ahasia maar soos Hiskia gemaak het en in sy teëspoed die Here se hulp gevra het (Jes. 38:1-8)! Vir ’n oomblik skyn die lig van genade (die skadu van die kruis) tog oor Ahasia se siekbed.

Maar, soos Ahasia God nie in sy voorspoed wou dank nie, so ken hy Hom nou ook nie in sy teëspoed nie. Ongeduldig verwerp hy Elia se vermaning en verhard hy hom deur selfs vanuit sy sterfbed (by herhaling) geweld teen God en sy mense te beplan. So gaan Ahasia verlore.

Wat moet ons dus oor ’n onverwagse krisis in ons eie lewe sê? “Toevallig?” Nee, verootmoedig jou voor God soos Hiskia en sê eerder gelowig: “Toe-val-lig-van-genade-op-my-lewe.” Hy is nie ver van hulle wat sy hulp vra nie.

Sing: Psalm 31-1:1, 12, 17

Dr. WC Vergeer (Krugersdorp)